

Dinsdag 1 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 1:1-6

Fokusgedeelte: Psalm 1:1-2, 6 (vgl. HK 2)

Kies vir 'n God-same lewe!

Geseënde Nuwejaar! Is jou nuwejaarsvoorneme dalk dat jy 'n gelukkige lewe wil hê? Maar wat verg dit om werklik gelukkig te wees? Is dit 'n gelukkige huwelikslewe? Of stabiele verhoudinge met vriende? Genoeg lewensmiddele?

Die Psalmbundel bestaan uit lofprysinge uit die geloofservaring van gelowiges. Die 150 Psalms word in vyf eenhede verdeel met Psalms 1 en 2 as inleiding. Saam met Spreuke en Prediker vorm dit deel van die sogenaamde Wysheidsboeke. Die "wysheid" van die Hebreeuse Psalmbundel begin met "*Die gelukkigste van alle mense is ...*" Sondag 2:4 sê dat die gelukkigste mense diegene is wat God liefhet bo alles, en van daar af jou medemens.

Psalm 1 leer ons: Daar is net één pad wat 'n mens kan loop na geluk – die God-same pad. Ander mense sê: Loop liever 'n God-lose pad!

Sommige van ons wil op die middelpaadjie loop – so 'n bietjie van albei. Néé! Jou sondige aard gaan veroorsaak dat jy van warm na lout na koud gaan beweeg. Let op die dalende lyn in vers 1 van die 1933/53-, 1983- en Direkte Vertaling: *wandell/volg*; *staan/omgaan*; en dan *sit/saamspan*. Dis: loop, stilstaan en meedoen. So: vanaf die middelmannetjie beweeg jy algaande van 'n bietjie God-same pad na 'n heeltemal God-lose pad! Jou saamloper loop uit op 'n stilstanery en op 'n tuisvoelery by die God-loses. Toegee, ingee, oorgee. Van God liefhê tot haat! Die Fariseërs het aanvanklik nog gebid, maar later "Kruisig Hom!" geskreeu!

Vers 2 sê dat *die gelukkigste van alle mense is ... diegene wat hulle vreugde in die wet van die Here vind ... en dit dag en nag prewelend opsê* (Direkte Vertaling). Dís die God-same pad. Dit is wanneer jy jouself telkemale afvra:

- Is my optrede tot eer van God? (Liefde tot God bo alles?)
- Is my optrede goed vir die ander mens? (Liefde tot my medemens?)
- Is my optrede tot behoud van my wandel op die God-same pad? (Liefde tot myself?)

My nuwejaarsvoorneme is om in my saketransaksies, huwelik, gesinslewe, kerkwees, sportmanwees die God-same pad te kies. "*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê*" (Op. 2:7). "*Die HERE sorg vir die pad van die regverdiges*" (Ps. 1:6a).

Sing: Psalm 84-1:3, 4, 6

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)